# EFÉSIËRS 4:1-6

**TEMA:** **Wandel Waardig in jou Roeping**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: EFÉSIËRS 4:1-6

**Efe 4:1 Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is,**
**Efe 4:2 met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra**
**Efe 4:3 en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.**
**Efe 4:4 Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;**
**Efe 4:5 een Here, een geloof een doop,**
**Efe 4:6 een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.**

-o0o-

### 1. ROEPING

Efe 4:1 Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is,

Paulus begin deur te sê "ek vermaan julle dan, ek die gevangene in die Here". Hier sit Paulus in die tronk, as 'n misdadiger gereken terwille die evangelie van Christus Jesus.

Ons moet probeer om ons in die skoene te stel van die manne en vroue wat die prys betaal het om die evangelie bring tot vandag toe. Hy sit nie en kla by die Here of bejammer homself nie, nee, hy sit hier en weet die Gees van God in hom gee hom die dringende hartsbegeerte om die gemeente te bemoedig;. "wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is".

Elke mens op aarde het 'n verbond met God volgens Hebreërs 13. Hierdie verbond is geskryf met die Bloed van die Lam. Paulus in die gevangenis, as misdadiger, het net een hartsbegeerte en dit is om in te tree vir die gemeente en die roeping van Christus Jesus in sy lewe te vervul. Alles wat al met hom gebeur het; ook die feit dat hy tronk toe moes gaan, is in sy lewensboek voor die grondlegging van die wêreld opgeskryf. Ons lees van Paulus se verskeie ontberinge (2 Kor. 11:25-27) wat hy moes deurstaan ter wille van die evangelie. Maar deur alles het God hom gedra.

*Fil. 4:12 Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly.*
*Fil. 4:13 Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee*

- **Voorwaarde**

As ons in God se raadsplan wandel en die roeping vervul wat Hy op ons lewens bepaal het, sal Hy ons nooit begewe en ons nooit verlaat nie. *Heb. 13:5 Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.*

- God het egter 'n voorwaarde wanneer jy die roeping vervul wat Hy op jou lewe bepaal het. Hy gee die opdrag: *Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die*

*Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

- Alleenlik as ons daardie skrifgedeelte vervul, gee Hy die belofte: *Mat 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.*

- **Persoonlike Wil**

Maar Hy sal ook nie teen jou wil gaan nie. God het vir ons elkeen 'n eie persoonlike wil geskep.

Paulus is besig om sy roeping te vervul, want hy weet hy moes in die tronk sit, want die Here het vir hom gesê hy moet tronk toe gaan. Die Here het vir hom gesê hy moet hom op die keiser beroep want "Ek het jou in Rome vir die Romeine nodig". Al wat Paulus nou doen .... hy wil net die roeping vervul, ten spyte van die kostes, ten spyte van sy eie pyne wat hy moet ly. Dit gaan nie oor hom, Paulus, nie. Dit gaan egter oor die vervulling van die roeping. Efe 4:1 Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is.

## 2. HARTSBEGEERTE VAN VADER

Efe 4:2 met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra

Hoe leef ons die roeping uit? *"Met alle nederigheid en lankmoedigheid terwyl julle mekaar in liefde verdra"* Ons lees ook in Galasiërs 5:22 die Vrug van die Gees. *Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing*. *Dit is nie vrugte van die Gees nie*, maar **een vrug** met 9 skyfies soos 'n lemoen. As ek sê dat ek die Here lief het, moet ek aan al daardie 9 skyfies voldoen.

Dit is die liefde wat die Here Jesus Christus kom bekend stel het op hierdie aarde. Nederigheid, sagmoedigheid, vrede en al daardie vereistes. Dan moet ons mekaar ook met liefde verdra. Ons gaan nie altyd met mekaar saamstem nie, maar kom ons stem saam met dit wat belangrik is vir Christus. Kom ons houvas hande en bind die liefdesband van Jesus Christus met mekaar.

## 3. EENHEID

Efe 4:3 en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.

Al wat ons bind en bymekaar kan hou is die band van eenheid en vrede in Christus Jesus. Dit is waarom Jesus gesê: Mar 3:24 En as 'n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie. Ons kan maar net na die wêreld rondom ons kyk om te sien hoe haat teen en vir mekaar aan die orde van die dag is. Die liggaam van Christus moet ernstig daarna strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van vrede.

In die bo-vertrek, toe die krag van die Heilige Gees uitgestort is, was dit **een** vuur kolom wat in dele verdeel het; dit is dieselfde vuurkolom wat die Israeliete deur die woestyn gelei het. Hy het afgekom en Homself verdeel en kom sit op die 120. (Handelinge 2).

Deur al die eeue het Hy Homself nog steeds verdeel, dit is die krag van God wat in ons woon wat die kinders van God is versprei oor die aarde. Daar gaan egter 'n dag kom, waar hierdie vuurkolom wat in die liggaam van Christus is, weer as 'n eenheid moet opstaan. Want dit gaan nie oor individue nie maar oor die krag van God se Gees deur en in ons. Dit is die Krag van God wat in jou en my Sy liggaam geopenbaar word sodat ons die funksie kan verrig wat God die Vader oor ons bepaal het voor die grondlegging van die wêreld.

Want…

**Efe 4:4 Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;**
**Efe 4:5 een Here, een geloof een doop,**

-o0o-

**Efe 4:6 een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.**

Met ander woorde, dit is die eenheid wat ons vorm met Hom, nie met mekaar nie, die liggaam van Christus is nie verdeeld nie. Christus se liggaam is geheel en al in 'n eenheid van die kruis afgehaal. Die Sanhedrin was verdeeld oor die liggaam van Christus Jesus tydens die kruisiging. *Joh 19:36 Want hierdie dinge het gebeur, dat die Skrif vervul sou word: Geen been van Hom sal gebreek word nie.* Jesus se liggaam is <u>heel van die kruis afgehaal</u> sodat dit 'n sinnebeeld kan wees van die <u>perfekte volkome eenheid in die liggaam</u>, sonder gebrek, sonder 'n been wat gebreek is. Ons moet daardie beeld uitleef as eenheid. Maak nie saak waar ons oor die aarde verspreid is nie.

- **DNA**

Ons is met die Heilige Gees, **in** Christus, **in** God die Vader. Dit maak alles 'n eenheid sodat ons saam kan funksioneer hier op aarde as deel van die Godheid. Hoe sal ons eendag oor die ewigheid heers as ons nie nou al oor die aardse dinge met die hulp van die Heilige Gees kan heers nie. Dan gaan ons dit nie maak nie.

Hierdie is net 'n proeflopie vir die dinge wat voorlê. Ek en jy as Kind van God, word gelei deur die Gees van God. Die Skrifte pas in mekaar. Ons kan nie iets uithaal en 'n nuwe godsdiens skep nie. God is die Alfa en Omega. Dit is ek en jy wat bygevoeg word in daardie bladsye van die lewe; in die bestaan; in die werklikheid; in die Godwees van die Godheid. Daarom moet ons sê: Gal 2:20 ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my.

Dit is Sy lewe wat in jou en my is wat van ons nuwe skepsel maak in Christus Jesus. En as jy die DNA van die Vader dra dan kan jy nie meer dieselfde wees nie. Jy kan nie meer na die ou dinge verlang nie. Want die ou dinge het gesterf en jy het tot niet gegaan. Paulus het al hierdie dinge gesien en beleef en sê hy beskou dit as drek vir Christus Jesus wat vir my 'n wins raak. *Fil. 3:8 Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry*. Ons kan nie een word met die Vader, behalwe deur die proses wat geskrywe staan in die Woord van God. Dit is die Woord wat lewe, wat van my 'n lewende wese maak. Ek en jy lewe nie meer nie, maar Christus leef in ons.

- As jy 'n sondaar is en nie doen wat die Woord sê nie en nie lewe volgens die Skrifte nie, dan is daar geen hoop om God te ontmoet nie. Dit is nie godsdiens wat jou in die hemel gaan bring nie. Jesus sê: *Joh 14:6 Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie*.

Jy kan niks uit die Bybel uithaal nie. Jy kan nie een versie uithaal en sê jy lewe volgens dit nie. Jy kan nie godsdiens skep nie. Dit 'n verhouding, 'n liefdesverhouding met die Here, waar jy jouself op die altaar plaas. Matt 16:24 Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

- Jy moet jouself verloën,
- jou kruis opneem
- en Hom volg.
- Dit is belangrik dat die Woord in my en jou is.
- **Daar is nie 'n ander uitweg nie !**

.

-o0o-